# LAERSKOOL RYNFIELD
# LEIERSKAPIDENTIFISERINGSBELEID

## 1. LEIERVERKIESING:

Elke leerder ontvang 'n totaal uit 100 opgemaak as volg:

**1.1 AKADEMIE: 25 punte maksimum**
Jaarpunt op adminstelsel word verwerk tot 'n punt uit 25. (Eerste 3 kwartale se punte)

**1.2 SPORT:**
Slegs skoolverwante sportsoorte:

| |
|---|
| 1 punt vir elke sportsoort [aktiewe deelname] |
| 2 punte vir deelname op dorp/distrik vlak |
| 3 punte vir deelname op provinsiale vlak |
| 4 punte vir deelname op nasionale vlak |

**KULTUUR:**
Vir die skool deelgeneem in L/s Rynfield skoolklere en deur skool ingeskryf.

| |
|---|
| 1 punt vir elke kultuuraktiwiteit bv. Voordrag, redenaars, sang, spreekkoor, kore ens. |
| 1 punt/e vir algehele wenner [bv. Kunswedstryd - Itemwenner] |
| 3 punte vir deelname op provinsiale vlak |
| 4 punte vir deelname op nasionale vlak |
| 1 punte vir deelname aan skoolaktiwiteit bv. Revue |

**TOTAAL: 20 PUNTE MAKSIMUM**

**1.3 DISSIPLINE - HUISWERKBOEK: 10 Punte maksimum**

Leerders word geëvalueer deur registeronderwysers op 'n skaal van 0 – 10, volgens huiswerkboek inskrywings.

| Aantal Inskrywings | Punte |
|---|---|
| Geen | 10 |
| 1 | 9 |
| 2 | 8 |
| 3 | 7 |
| 4 | 6 |
| 5 | 5 |
| 6 | 4 |
| 7 | 3 |
| 8 | 2 |
| 9 | 1 |
| 10 | 0 |

1. Leerders verloor 1 punt per inskrywing.
2. Die eerste 3 kwartale se inskrywings word in aanmerking geneem.
3. Huiswerkboekie verlore: 0 punte.

**1.4 GRAAD 6 –LEERDERS STEMMING: 15 punte maksimum**

Leerders stem op alfabetiese lys van alle Gr. 6 leerders.
Leerders stem slegs vir **30** kandidate in die graadgroep.

**1.5 GRAAD 6 – PERSONEEL STEMMING: 15 punte maksimum**

Graad 6 personeel stem slegs vir **30** kandidate in die graadgroep.
Leiervoogde wat op die Gr. 6 kamp was mag ook hier stem

**1.6 GRAAD 5 –PERSONEEL STEMMING: 15 punte maksimum**

Graad 5 personeel stem slegs vir **30** kandidate in die graadgroep.

- **Bogenoemde hoef nie ewe veel seuns en dogters te wees nie.**

## 2. HOOFLEIERVERSKIESING:

**Verkiesing van hoofleiers:**

- Stemming vind plaas deur Gr. 5 & Gr. 6 personeel en nuutverkose leerderraad.
- Bogenoemde stem vir 3 seuns en 3 dogters uit die verkose leiergroep.
- Gewigte vir hoofleiers as volg.

| | |
|---|---|
| # Leerderraad | 20 |
| # Gr. 5 Personeel | 30 |
| # Gr. 6 Personeel | 50 |
| **Totaal** | **100** |

- Die 3 seuns en 3 dogters met die hoogste total uit 'n 100 is die hoofleiers.
- Gelykop uitslag: Bestuur het die finale stem.
- Hoofseun & Hoofdogters word aangewys deur die skoolbestuur na finale stemming deur die bestuur.
- Die skoolbestuur mag die hoofleiergroep vergroot, veral as leerders baie gelyk is.

## 3. OPSOMMENDE PROSES:

- Elke leerder word geëvalueer uit 'n totaal van 100.
- Leerders kan met KULTUUR en SPORTPUNT 'n punt van 20 maksimum behaal vir beide saam.
- Die leerders met die meeste stemme [± 25% van graad 6 groep] is die nuwe leerderraad.
- Die skoolbestuur bepaal die snylyn vir leiers.
    - Riglyn vir skoolbestuur: 25 – 30% van aantal leerders in Gr. 6.
- Stelsel wys leiers aan, dan word daar gestem vir hoofleiers.
- Finale stemme word uitgebring deur die Gr. 5 & Gr. 6 personeel asook die verkose leerderraad en die hoofleiers word bepaal. [3 seuns en 3 dogters]. Leiervoogde wat op die kamp was mag ook stem.
- Hoofseun + hoofdogter word aangewys na finale stemming deur skoolbestuur.
- Die skoolbestuur bekragtig die leiers en kan kandidate verwyder / uithaal op grond van swak gedrag, vandalisme en enige ander ernstige oortredings.
- Verkiesingproses se dokumentasie word vir 12 maande bewaar.
- Gelykop uitslag - Bestuur het die finale stem.

**OPSOMMENDE TOTALE VIR LEERDERRAAD:**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Akademie | 25 |
| 2 | Sport & Kultuur | 20 |
| 3 | Dissipline | 10 |
| 4 | Leerder (Gr. 6) Stemme | 15 |
| 5 | Gr. 6 Personeel stemme | 15 |
| 6 | Gr. 5 Personeel stemme | 15 |
| | **TOTAAL** | **100** |

**OPSOMMENDE TOTALE VIR HOOFLEIER STEMME:**

| | |
|---|---|
| Leerderraad | 20 |
| Gr. 5 Personeel | 30 |
| Gr. 6 Personeel | 50 |
| **TOTAAL** | **100** |

## 4. ONTWIKKELING:

- Gereëlde vergaderings [korrekte vergaderingsprosedures]
- Kamp
- Pligte: opening, speelgronddiens, verjaarsdae, klaskontrole, dissipline, ens.
- Gee verantwoordelikhede.
- Gee geleenthede.
- Projekte
- Uitstappies

## 5. AANKONDIGING:

Leerderraad word aangewys einde November in die Nuusbrief. Hoofleiers word tydens die leierinhuldiging aangekondig.

- Leerders wat van ander skole kom en as leiers aangewys is, kan in oorlegpleging met bestuur op die leerderraad geplaas word en hul leierskap van die vorige skool erken word.

## 6. OUERBETROKKENHEID:

- Ouers vorm 'n komitee om leiers by te staan met projekte.
- Alle besluite en projekte moet eers met leerderraadvoogde, hoof en beskermheer bespreek word.

## 7. AANVULLINGSBELEID – GRAAD 7 JAAR - LEIERS:

- Aanbeveling geskied deur graad 7 personeel en skoolbestuur.
- Skoolbestuur bekragtig kandidate.
- **Aanvulling van leiers is nie 'n gegewe nie. Slegs indien graad 7 personeel/bestuur aandui dat daar leerders is wat kwalifiseer, sal aanvulling geskied.**
- Aantal aanvullings tot graad 7 leiers is nie beperk tot 'n sekere getal of geslag nie.
- Aankondiging van nuwe leiers deur skoolhoof.

## 8. AANVULLING Gr. 7 JAAR - HOOFLEIERS

- Aanvullig van hoofleiers kan plaasvind in die Graad 7 jaar indien daar leiers is wat sterk na vore tree.
- Verkiesing uit huidige leiers.
- Aanbeveling deur leiervoogde of skoolbestuur – skoolbestuur bekragtig.
- Aankondiging deur die skoolhoof.
- **Aanvulling van hoofleiers is nie verpligtend jaarliks nie.**
- Aanvullings is nie onderhewig aan 'n sekere getal of geslag nie.

➢ Aanvullings tot die leerderraad/hoofleiers sal jaarliks gedurende die eerste week van die tweede en derde kwartaal aangekondig word indien van toepassing.

➢ **Leerderraad kan hul leierskap verbeur indien hul nie in hul Graad 7 jaar volhou met aktiwiteite wat hul in Graad 6 tot leier geneem het nie.**

**MNR. W. JANSE VAN RENSBURG**
**HOOF**

**SKOOLBESTUUR**

Coetzee
ABezuidenhout

* Beleid hersien Maart 2026 deur skoolbestuur.